

## Donderdag 31 Augustus

**Skrifgedeelte: Markus 14:17-25**

**Fokusgedeelte: Markus 14:24; HK Sondag 28, Antwoord 77**

### “Dit is my bloed”

Om te verstaan wat Jesus met *bloed* bedoel as Hy van die wyn sê: “Dit is my bloed,” moet ons ook hier in die Skrif as geheel en in die besonder in die Nuwe Testament nagaan wat met *bloed* bedoel word. Dan is dit duidelik dat daarmee nie altyd sonder meer die bloed bedoel word wat in ons are vloei nie. Net soos wat die geval was met die woord *liggaam*, is die woord *bloed* ’n aanduiding van ’n persoon self in die totaliteit van sy menswees. Dit kan veral gesien word in Matteus 27:4 waar Judas sê dat hy “onskuldige bloed” verraai het. Daarmee bedoel hy nie iets van Jesus nie, maar Jesus self: Judas het Hom verraai. Ook in die Ou Testament word daar ’n besondere band gelê tussen bloed en lewe (vgl. Lev. 17:11, 14; Duet. 12:23).

As die woord *bloed* in die Nuwe Testament gebruik word, is daar altyd ’n verband tussen bloed en dood, en spesifiek ’n gewelddadige dood. As Judas die woord *bloed* gebruik, verwys hy na Jesus wat aan die kruis op ’n gewelddadige wyse doodgemaak sou word. ’n Mens sien dit ook as die Jode oor Jesus aan Pilatus sê: “Laat sy bloed oor ons en ons kinders kom” (Matt. 27:25; 1953-vertaling). Omdat die bloed nie van die persoon losgemaak kan word nie, word ook van Abel gesê dat sy *bloed* tot God *roep* van die aarde af (Gen. 4:10).

As Jesus dus van die wyn by die nagmaal sê: “Dit is my bloed,” wil Hy daarmee sê: “Dit gaan hier oor My self in my gewelddadige dood.” Net soos die uitspraak oor sy liggaam, het ook hierdie woorde oor sy bloed betrekking op verlossing wat Hy aan die kruis sou bewerk. Dieselfde geld ook van die gebruik van die woord “vir” (“Vir baie” – Matt. 26:28; “vir baie mense” – Mark. 14:24; “vir julle” – Luk. 21:20) as Jesus praat oor sy bloed.

Ook hier is dit van besondere belang om te let op die tydstip waarop Jesus gesê het: “Dit is my bloed.” Waar Jesus se uitspraak: “Dit is my liggaam” plaasgevind het ná die drink van die tweede beker by die eet van die ongesuurde brood, “die brood van swaarkry (ellende)”, daar sê Christus: “Dit is my bloed” by die drink van die derde beker wat bekend was as die “beker van danksegging” of “die beker van lofprijsing” (vgl. 1 Kor. 10:16). Dan breek by die paasfees die feesvreugde deur. Daar moet by hulle vreugde wees meer as oor die verlossing uit Egipte, omdat Christus aan die kruis volkome verlossing van sonde bewerk en die ewige lewe vir hulle verwerf het. Waar die uitspraak “Dit is my liggaam” aandui *waarvan* Christus sy volk verlos het, naamlik die sonde en die dood (gerig op die verlede), daar wys die uitspraak “Dit is my bloed” *waartoe* Christus ons verlos het: die vreugde van sonde-vergifnis en die ewige lewe (gerig op die toekoms).